education
Department: Education
GAUTENG PROVINCE

**EKURHULENI NOORD DISTRIK**

**BESIGHEIDSTUDIES**

**GRAAD 11**

NOVEMBER EKSAMEN - 2017

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig voordat die vrae beantwoord word.

1 Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdeling en handel oor al die hoofonderwerpe.
AFDELING A: VERPLIGTEND
AFDELING B: Bestaan uit VYF vrae.
Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae uit hierdie afdeling.
AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae.
Beantwoord enige TWEE van die vier vrae uit hierdie afdeling.

2 Lees die instruksies by elke vraag deeglik en maak seker van wat gevra is.

3 Nommer vrae in ooreenstemming met die nommeringstelsel op die vraestel. Geen punte sal toegeken word vir vrae wat foutief genommer is nie.

4 Tensy anders vermeld moet antwoorde in volsinne beantwoord word.

5 Gebruik die totaal van die punte wat toegeken word by 'n vraag as 'n aanduiding van die lengte en diepte van die antwoord.

6 Gebruik die onderstaande as 'n aanduiding van die tyd wat aan elke vraag bestee moet word.

| AFDELING | | VRAAG | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|---|
| A: | Verpligtend Opjektiewe vrae oor alle werk | 1 | 40 | 30 minute |
| B: | VYF direkte / indirekte tipe vrae. (Kies DRIE vrae uit hierdie afdeling.) | 2<br>3<br>4<br>5<br>6 | 60<br>60<br>60<br>60<br>60 | 30 minute<br>30 minute<br>30 minute<br>30 minute<br>30 minute |
| C: | VIER langvrae. (Kies TWEE vrae uit hierdie afdeling.) | 7<br>8<br>9<br>10 | 40<br>40<br>40<br>40 | 30 minute<br>30 minute<br>30 minute<br>30 minute |
| | | | **300** | **180minute** |

7 Begin die antwoord vir elke vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy; VRAAG 2 nuwe bladsy, ens.

8 Nie-programeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

9 Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1**

1.1 In hierdie vraag word verskeie opsies verskaf as moontlike antwoorde. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die nommer (1.1.1 – 1.1.10) in jou antwoordboek, bv 1.1.11 E.

.

1.1.1 Die proses waar ‘n besigheid doelbewus verteenwoordigers uitstuur om hoë vlak besluitnemers te beïnvloed word genoem ...

A Strategiese alliansies.
B Magsverhoudings.
C Invloedwerwing.
D Netwerking.

1.1.2 Die wet wat gebruik word om ‘n persoon se intelektuele eiendom te beskerm, handel oor …

A kopiereg.
B patente.
C roofkopiering.
D handelsmerke.

1.1.3 ‘n ... Onderneming waar al die direkteure gesamentlik en afsonderlik saam met die onderneming aanspreeklik vir die skulde en laste van die onderneming is,is ‘n ...

A privaat maatskappy.
B publieke maatskappy.
C staaatsbeheerde maatskappy.
D maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid.

1.1.4 ‘n Dokument wat deur potensiële beleggers benodig word om die finansiële toestand van ‘n maatskappy, asook ander aspekte te beoordeel, word genoem...

:

A Prospektus.
B Sertifikaat van Inlywing.
C Kennisgewing van Inkorporasie.
D Memorandum van Inkorporasie.

1.1.5 ‘n Werknemer mag ontslaan word weens die volgende rede ...

A operasionele redes.
B wangedrag.
C onbevoegdheid.
D Al drie bogenoemde redes.

1.1.6 EEN onderskeidende kenmerk van spanwerk is …

A bekom meer kapitaal deur sinergie.
B is tydrowend en duur.
C benodig tegnologie vir sukses.
D moedig individualisme aan.

1.1.7 Die doel van dié veranderings-bestuursteorie is om lang termyn suskses van die besigheid te verseker deur klantetevredenheid:

A Besigheidsproses herontwerp.
B Totale kwaliteitsbestuur.
C Kaizen model.
D John Kotter se veranderingsmodel.

1.1.8 Die ... wet handel oor die regte van werkgewers en werknemers en dien as ‘n raamwerk vir kollektiewe bedinging in die werkplek.

A Kompensasie vir Beroepsbeserings en –Siektes
B Diensbilliksheids
C Basiese Diensvoorwaardes
D Arbeidsverhoudinge

1.1.9 Die ... is ‘n wettige dokument tussen die werkgewer en werknemer.

A Aanstellingsbrief.
B Brief van diensaanvaarding.
C Indiensnemingskontrak
D Aanstellingskontrak.

1.1.10 Die ... word bereken deur die kosprys van die verkoopprys af te trek.

A totale produksiekoste
B koste per eenheid
C wins
D gelykbreekpunt

(10 x 2) = (20)

1.2 Kies die korrekte woord(e) uit die gegewe opsies in hakies. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 ‘n Kontruksie maatskappy funksioneer in die (primêre/sekondêre) sektor.

1.2.2 ‘n (Maatskappy/koöperasie} is ‘n trasisionele wyse waarop ‘n groep met dieselfde doelwitte hulle hulpbronne, infrastruktuur en koste kan saamvoeg om ‘n beter uitkoms te verseker.

1.2.3 ‘n (Vakbond/Werkplekforum) is ‘n wetlike liggaam.

1.2.4 (Globalisering/Wisselkoers) verwys na die beweging van mense, goedere, kapitaal en idees tussen verskillende lande

1.2.5 ‘n (Koste/Gelykbreek) analise is ‘n berekening om te bepaal hoeveel eenhede ‘n besigheid moet verkoop voordat dit ‘n wins sal maak.
. (5 x 2) = (10)

1.3 Kies die beskrywing uit KOLOM B wat pas by die term in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – J) langs die nommer (1.3.1 – 1.3.5) in jou ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.3.6 K

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Uitkontraktering | A Die verpligting om om te sien na die belange van al die besigheid se belanghebbenes. |
| 1.3.2 Konversionele oplossings | B Kopie- en patenteregte beskerm oorspronklike werkte van nabootsings en vervalsings. |
| 1.3.3 Intelektuele eiendomsregte | C Die beskrywing van die vereistes van ‘n kandidaat wat geskik sal wees vir die pos. |
| 1.3.4 Sosiale verantwoordelik-heid | D ‘n Proses waar die besigheid betaal vir die gebruik van toerusting, grond, materiaal en bates eerder as om dit self te koop. |

| | |
|---|---|
| 1.3.5 Menslike hulpbron beplanning | E Die manier om probleme op te los op dieselfde wyse waarop dit altyd opgelos is.<br><br>F ‘n Ooreenkoms van die besigheid met ‘n ander besigheid of persoon om ‘n taak te verrig wat die besigheid self moes verrig het.<br><br>G Probleme word op ‘n unieke wyse opgelos.<br><br>H Daar word bepaal hoeveel werknemers die besigheid nodig het om effektief te funksioneer.<br><br>I ’n Eksklusiewe reg word toegestaan vir ‘n nuwe uitvinding. |

(5 x 2) = (10)

**TOTAAL AFDELING A = 40**

**AFDELING B**
Beantwoord ENIGE DRIE vrae uit hierdie afdeling.

**NOTA:** Dui duidelik aan wat die VRAAGNOMMER is van elke vraag wat jy kies. Die antwoord vir elke vraag moet telkens op ‘n nuwe bladsy begin bv. VRAAG 2 op ‘n NUWE bladsy, VRAAG 3 op ‘n NUWE bladsy, ens.

**VRAAG 2: SAKE OMGEWINGS**

2.1 Lees die onderstaande scenario oor die visie en missieverklaring van QFC en beantwoord dan die daaropvolgende vrae.

> **QFC**
>
> **Visie**
> Om kos te vinnig en vriendelik te verkoop in ‘n omgewing wat geskik is vir gesondheidsbewuste klante.
>
> **Missie**
> Ons passie as ‘n restaurant is, om tevredenheid op ons klante se gesigte te sien oral oor die wêreld,, elke keer as hulle by ons eet en om telkens beter te wees as enige ander restaurant.

2.1.1 Noem die sakesektor waarin QFC funksioneer en motiveer jou antwoord. (3)

2.1.2 Die visie- en missieverklarings is een van die elemente van die mikro- omgewing.
Dui aan watter mate van beheer het QFC oor die elemente van die mikro – omgewing. (2)

2.1.3 Verduidelik hoe ‘n gebrek aan visie en missie ‘n uitdaging kan wees vir die besigheid. (6)

2.2 Lees die onderstaande artikel en beantwoord dan die vrae wat volg:

**Plaaslike mikrolening op ‘n glibberige pad**
Onveilige mikrolenings groei, te spite van die hoë risiko

Suid-Afrika het bewus geword van die buitengewone groei in onveilige mikolenings oor die laaste paar jare. Dit kan toegeskryf word aan Suid-Afrikaanse banke wat onberekende risiko’s neem ten gunste van hoër premies en as gevolg van diskrepansies in die Suid-Afrikaanse kredietmark.

[www.moneyweb.co.za]

2.2.1 Haal TWEE redes uit die artikel aan waarom Suid-Afrika oor die laaste paar jaar bewus geword het van ‘n buitengewone groei in onveilige mikrolenings. (2)

2.2.2 Beskryf die term “*mikrolening”*. (4)

2.2.3 Verduidelik waarom mikrolenings ‘n uitdaging kan wees in die besigheid se makro omgewing. (4)

2.3 Lees die onderstaande scenario en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Bestuurder afgedank oor seksuele teistering**

“Die seksueel suggestiewe e-posse wat die bestuurder van ‘n motorwassery aan een van sy vroulike werknemers in die verlede gestuur het, is besig om hom die afgelope paar maande. in te haal.”
[Adapted: The Herald 24 February 2015]

2.3.1 Haal die rede aan waarom die bestuurder ontslaan is vir seksuele teistering. (2)

2.3.2 Defiieer die begrip “*seksuele teistering”*. (4)

2.3.3 Verduidelik wat die gevolge van seksuele teistering op die besigheid is (2)

2.3.4 Bespreek strategieë wat die besigheid kan volg om seksuele teistering aan te spreek. (10)

2.4 Lees die onderstaande artikel en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Pikitup se werkers begin staak**

JOHANNESBURG – 'n Maatskappy wat afval bestuur, Pikitup, het bevestig dat hulle werkers wat geaffilieer is by die Suid-Afrikaanse Munisipale Werkersvakbond(Samwu), besluit het om deel te neem aan 'n staking, wat 'n effek het op die meeste van hulle depots in Johannesburg.

2.4.1 Identifiseer die tipe industriële aksie waartoe Pikitup se werkers oorgegaan het. (1)

2.4.2 Verduidelik die tipe industriële aksie in VRAAG 2.4.1. (2)

2.4.3 Identifiseer die vakbond waaraan Pikitup se werkers behoort. (1)

2.4.4 Definieer die term "*vakbond*" (3)

2.4.5 Analiseer VYF funksies van 'n vakbond. (10)

2.5 Bespreek die volgende tipes industriële aksies:

2.5.1 Uitsluiting (2)

2.5.2 Sloerstaking (2)

**[60]**

**VRAAG 3: SAKEGELEENTHEDE**

3.1 Lees die onderstaande scenario en beantwoord dan die vrae wat volg.

**“Headboy Industries” Ludwick Marishane**

I As die stigter van “Headboy Industries” het Ludwick Marishane “DryBath”ontwikkel. Volgens Forbes, het hy reeds in die hoërskool die konsep van DryBath uitgedink. Dit is ‘n gel wat gebruik word sonder water.

Marishane het in 2011 die “Global Student Entrepreneur” van die jaar toekenning ontvang.

3.1.1 Identifiseer VYF entrepreneurs eienskappe wat Ludwick Marihane nodig het om van hom ‘n suksesvolle entrepreneur te maak. (5)

3.1.2 Bespreek die suksesfaktore wat “Headboy’s Industries” nodig het in terme van:

(a) Volhoubaarheid
(b) Winsgewendheid
(c) Klantebasis (12)

3.1.3 Verduidelik watter finansieringsbronne Marishane kan gebruik om “Headboy Industries” te finansier. (10)

3.2 Lees die onderstaande stelling en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Die pad na sukses: Waarom ‘n sakeplan ontontbeerlik is.**

3.2.1 Brei uit oor die belangrikheid van ‘n sakeplan om sodoende
. die sukses van die besigheid te verseker. (6)

3.2.2 Beskryf DRIE beplanningsinstrumente wat gebruik kan word om ‘n sakeplan te omskep in ‘n aksieplan. (12)

3.3 Lees die onderstaande stelling en beantwoord dan die vrae wat volg.

| **'In besigheid vir jou, maar nie deur jouself nie'** |
|---|
| "My grootste beloning as 'n Franchisegewer, is om te sien hoe Franchisenemers die kans aangryp om suksesvol te wees en om hulle in alle opsigte by te staan om hulle drome te bewaarheid." |

3.3.1 Noem TWEE partye betrokke by franchises. (2)

3.3.2 Bespreek maniere waarop 'n franchisegewer 'n franchisenemer kan bystaan om sy/haar drome te bewaarheid. (6)

3.3.3 Identifiseer die ooreenkoms wat wat die twee partye moet aangaan om 'n franchise te stig. (1)

3.3.4 Spesifiseer DRIE betalings wat ter sprake is in VRAAG 3.3.3. (6)

**[60]**

**VRAAG 4: SAKEROLLE**

4.1 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

| **COMBAT SEKURITEIT** |
|---|
| Ruth het 'n sekuriteitsfirma by haar pa geërf. Vanaf 'n jong ouderdom het sy dikwels saam met haar pa werk toe gegaan en nooit besef hoe stresvol sy werk is nie. Die meeste sekuriteitswagte word bloot gestel aan gevaarlike omstandighede en selfs die kantoorpersoneel moet die een krisis na die ander hanteer. Sy wil graag 'n paar veranderinge aan die besigheid aanbring, maar is bekommerd dat sommige werkers dalk gekant sal wees teen verandering. |

4.1.1 Beskryf die term "*stresvolle werksomgewing*". (4)

4.1.2 Verduidelik hoe die werksure van die sekuriteitswagte kan bydra tot hul stresvlakke. (4)

4.1.3 Evalueer die effek van stres wat Ruth in ag neem in haar besigheid (12)

4.1.4 Lys die AGT stappe wat John Kotter geidentifiseer het in sy model om verandering suksesvol te kan bestuur. (8)

4.1.5 Stel moontlike redes voor waarom van die werkers weestand kan bied teen die moontlike veranderings. (12)

4.2 Lees die onderstaande scenario en antwoord die vrae wat volg.

| **DU-PLAY** |
|---|
| Rene besit 'n klein kleuterskool in Port Elizabeth. The skool sluit om 2 uur in die middag,maar Rene moet dikwels wag vir ouers wat die kinders soms eers na 4 uur kom haal. Sy het al met die ouers wat gereeld laat is, gepraat. Een middag terwyl sy vir ouers gewag het, het sy 'n artikel gelees oor kreatiewe denke. In die artikel was inligting oor die oplossing van probleme deur middel van kreatiewe denke asook blokasies wat 'n mens verhoed om die regte probleme te identifiseer en sodoende nie die regte oplossing vir probleme te vind nie. |

4.2.1 Identfiseer Rene se probleem. (2)

4.2.2 Lys VIER probleemoplossings tegnieke wat Rene kan gebruik om haar probleme op te los. (4)

4.2.3 Beskryf die konsep "*kreatiewe denke*". (4)

4.2.4 Omskryf VYF blokasies wat 'n persoon kan verhinder om 'n probleem korrek te identifiseer en sodoende nie by die korrekte oplossing uit te kom nie. (10)

**[60]**

**VRAAG 5: SAKE BEDRYWIGHEDE**

5.1 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

| **KAMPEER SAFARIES** |
|---|
| Kampeer Safaries is 'n besigheid wat kampeertoerusting verkoop. Alhoewel hulle 'n groot verskeidenheid produkte beskikbaar het, het hulle onlangs besef dat al hoe meer mense begin vra vir "dome" tente wat ook as dit oopgemaak word, kan dien as 'n "gazebo".<br><br>Tot dusver was Kampeer Safaries onsuksesvol om 'n plaaslike vervaardiger te vind. Hulle oorweeg dit nou om self-die tente te vervaardig of om 'n buitelandse verskaffer te vind. |

5.1.1 Identifiseer die tipe verbruikersgoedere wat in die scenario gemeld word. (2)

5.1.2 Lig VIER voordele uit vir Kampeer Safaries as hulle gebruik sou maak van buitelandse bemarking. (8)

5.1.3 Verduidelik SES stappe wat Kampeer Safaries moet volg by die ontwerp van die produk. (12)

5.2 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

**OOS GAUTENG VERVOER**

Ayanda is die alleeneienaar van Oos Gauteng Vervoer, ‘n besigheid wat daagliks aflewerings doen in die hele Gauteng. Hy het ‘n vakature vir ‘n assistent bestuurder geadverteer in ‘n nasionale koerant.

Die advertensie het duidelik gemeld wat die taakbeskrywing en taakvereistes vir die pos is en gemeld dat die kandidate op die kortlys onderwerp gaan word aan keuringstoetse. Daar sal van die suksesvolle kandidaat verwag word om ‘n indiensnemingskontrak te teken.

5.2.1 Noem enige TWEE voorbeelde van keuringstoetse. (2)

5.2.2 Stel VIER belangrike aspekte van inligting voor wat Ayanda sal moet insluit in die indiensnemingskontrak. (8)

5.2.3 Gee advies aan Ayanda oor die prosedures wat gevolg moet word in die seleksieproses (12)

5.3 Lys VIER metodes van advertering wat ‘n besigheid kan gebruik om sy produkte en dienste te adverteer. (4)

5.4 Bespreek VIER prysbepalingstrategieë wat ‘n besigheid kan gebruik vir hul produkte se pryse. (12)

**[60]**

**VRAAG 6: ALGEMEEN**

**SAKE OMGEWINGS**

6.1 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Suid-Afrika se grootste kitskos restaurant voedselketting, JJ Brands, gaan ‘n 51% aandeel neem in die nuutgestigte plaaslike onderneming *Braai Mexican Grill*. |

6.1.1 Verduidelik die betekenis van 51% aandeel “…JJ Brands, gaan ‘n 51% aandeel neem in die nuutgestigte plaaslike onderneming “*Braai Mexican Grill*.” (2)

6.1.2 Lig DRIE voordele uit van oornames/samewerkings. (6)

6.2 Onderskei tussen *networking* en *invloedwerwing*. (8)

**SAKE GELEENTHEDE**

6.3 Lees die volgende uittreksel en beantwoord dan die vrae wat volg:

| |
|---|
| Besighede kommunikeer daagliks met verskeie belanghebbenes. Kommunikasie kan verbaal of nie-verbaal wees. Effektiewe voorleggings van sake-inligting is een van die kern elemente in die kommunikasieproses. |

6.3.1 Lys DRIE visuele hulpmiddele wat gebruik kan word tydens Aanbiedings (3)

6.3.2 Verduidelik die verskil tussen verbale en nie-verbale kommunikasie. (4)

6.4 Noem SEWE stappe wat gevolg moet word tydens die skryf van ‘n verslag. (7)

**SAKEROLLE**

6.5 Identifiseer telkens of die volgende stellings onprofessioneel of oneties is.

6.5.1 Die finansiële bestuurder se persoonlike assistant vertel aan sy vriende hoe groot die bonus van die bestuurder is.

6.5.2 Die menslike hulpbron department laat weet nie die kandidate dat hulle onsuksesvol was nie.

6.5.3 ‘n Polisieman aanvaar omkoopgeld om nie ‘n boete op te lê nie.
(3 x 2) = (6)

6.6 Bespreek DRIE beginsels van professionalisme (9)

**SAKEGELEENTHEDE**

6.7 Lees die onderstaande scenario en antwoord die vrae wat volg.

| **Just Paint Bpk** |
|---|
| Linda werk in ‘n verffabriek en sy begin probleme ondervind met longinfeksies as gevolg van die verfdampe. Die fabriek gee nie aan sy werkers beskermende maskers nie en hulle etenspouses is ook nie volgens wetlike voorskrifte nie. |

6.7.1 Noem TWEE oortredings wat Just Paint Bpk begaan het in die bg. scenario. (2)

6.7.2 Identifiseer die Wet wat Linda kan raadpleeg om advies te kry oor die betaling van haar mediese toestand. (1)

6.8 Verduidelik die impak van die volgende wetgewings op die menslike hulpbronfunksie:

6.8.1 Arbeidsverhoudinge wet (6)

6.8.2 Wet op Gelyke Indiensneming. (6)

**[60]**

**TOTAAL AFDELING B = [180]**

## AFDELING C

Beantwoord ENIGE TWEE vrae uit hierdie afdeling.

**NOTA:** Dui telkens duidelik die VRAAGNOMMER aan van elke vraag wat jy kies. Elke vraag moet telkens op 'n nuwe bladsy begin, bv. VRAAG 7 op 'n nuwe bladsy, VRAAG 8 op 'n nuwe bladsy, ens.

### VRAAG 7: SAKE OMGEWINGS

| |
|---|
| Sosio-ekonomiese faktore kan 'n invloed uitoefen op die effektiwiteit van 'n besigheid, die wyse waarop produkte bemark en versprei word, die vlak van wins en die koste van die besigheid. Om met hierdie faktore rekening te hou moet die entrepreneur strategiese besluite neem wat sal vereis dat hy/sy die impak van hierdie faktore sal verstaan. |

Met verwysing na die bogenoemde stelling:

- Definieer die term *"sosio-ekonomiese aangeleenthede".*
- Verduidelik die volgende sosio-ekonomiese kwessies:
  - Ekonomiese misdaad
  - Ongeletterdheid en vaardigheidstekorte
  - Onbeskikbaarheid van natuurlike hulpbronne
  - Storting
- Lig VIER uitdagings uit wat elk van die sosio-ekonomiese kwessies op die onderneming het.

**[40]**

### VRAAG 8: SAKE GELEENTHEDE

| |
|---|
| ***ZP GASTEHUIS*** |
| Zuko en sy broer Phiwe besit 'n gastehuis al vir die afgelope vyf jaar. Hulle is baie ingenome om die besigheid saam te bestuur. Nadat hul suster afgestudeer het, het sy hulle genader om hulle te help om die gastehuis te bestuur. Sy het vinnig agter gekom dat daar verskeie swakpunte in die besigheid is waarvan die grootste probleem is dat hulle persoonlik aanspreeklik is vir die skulde van die besigheid. Sy dink daaraan dat hulle die huidige ondernemingsvorm moet omskep in 'n privaat maatskappy. |

Sy het jou genader om onafhanklike advies te gee. Jou advies moet die volgende insluit:

- Identifiseer die huidige ondernemingsvorm.
- Lig VIER nadele uit van die huidige ondernemingsvorm.
- Bespreek die voordele daarvan om om te skakel na 'n privaat maatskappy.
- Verduidelik wat behels die stigtingsprosedure van 'n privaat maatskappy.

**[40]**

## VRAAG 9: SAKEROLLE

**WILDE KUS KONSTRUKSIE**

Luke en Themba is ou skoolvriende wat nadat hulle afgestudeer het besluit het om ‘n konstruksiebesigheid op te rig. Hulle het grade verwerf as Konstruksie ingenieur en Besigheidsbestuurder onderskeidelik. Na ses maande hulle hulle tot die gevolgtrekking gekom dat hulle dikwels konflik met mekaar het asook met die werkerwerkerskorps Hulle besigheid ly skade omdat hulle nie goed saamwerk nie.

Met verwysing na die bogenoemde scenario skryf ‘n opstel waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Definieer die konsep “*konflik*”
- Lig SES moontlike oorsake van konflik uit.
- Bespreek VIER fases van spanvorming.
- Verduidelik die komponente van ‘n gebalanseerde span volgens Belbin se spanrolteorie

**[40]**

## VRAAG 10: SAKE BEDRYWIGHEDE

Ulti-tang vervaardig gaskoeldranke. Hulle gebruik die lotfabrikasie stelsel in hul fabriek. Veiligheidsbestuur en kwaliteitsbeheer is belangrik in die fabriek om die veiligheid van die werkers en die kwaliteit van die produkte te verseker.

Met verwysing na die bogenoemde scenario skryf ‘n opstel waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Verduidelik wat is ‘n lotfabrikasiestelsel.
- Bespreek die kenmerke van ‘n lotfabrikasiestelsel.
- Evalueer die positiewe impak van kwaliteitsbeheer op Ulti-tang.
- Lig die veiligheidsvereistes uit waaraan Ulti-tang moet voldoen rakende die gebruik van hulle masjienerie.

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C = 80**

**GROOT TOTAAL = 300**